*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Vir die Ossewabrandwag is die beweging 'n middel om die volk tot oorwinning te voer.*

# Die O.B.

*Vir die Partypolitiek is die volk 'n middel om die party tot oorwinning te voer.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 17 FEBRUARIE 1943. No. 13.

## WIL VAN VERKIESING 'N STALINGRAD MAAK

### Rede Waarom Dr. Malan O.B. Se Aanbod Verwerp

**Volgens inligting wat deursyfer is dr. Malan voornemens om an die aanstaande verkiesing 'n so Stalingrad te maak, sover dit sy pa betref.**

Na verklaar word verkeer dr. Malan diep onder die indruk van die toenemende krag van die Ossewabrandwag. Besef word dat die grootste aantal ondersteuners van die Volksbeweging gesoek moet word juis by daardie kringe wat deur wetgewing en vervolging verbied is om openlik aan die beweging te behoort. **Die krag van die Ossewabrandwag is dus inderdaad baie groter as wat weerspieël word deur sy aktiewe ledetal- en dié is reeds gedug.**

Daar is 'n toenemende toeloop tot die Ossewabrandwag, en veral geld dit die denkende deel van die volk waar bekende leidende figure meer en meer hulle openlik aan die kant van die Volksbeweging skaar. Dr. Malan besef dus dat hy die beweging nou moet vernietig indien hy hom ooit vernietig sal kry. **Hy besef verder dat sy party vir die duur van die oorlog niks teen Smuts kan uitrig nie,** en dat die toekoms van die Afrikanervolk aan die einde van die oorlog beslis sal word deur die republikeinse organisasie wat die vertroue van die grootste deel van die volk geniet. Indien die Ossewabrandwag nie nou uitgeklop word nie, bestaan daar geen twyfel nie dat dit hy is wat die toon na die vrede sal aangee. **Met die oog hierop beskou dr. Malan die Ossewabrandwag vandag as vyand nommer een. By 'n algemene verkiesing sal die stryd dus hoofsaaklik teen die Ossewabrandwag gemik wees, en hoe sterk Smuts uit die stryd te voorskyn tree, is vir hom 'n saak van ondergeskikte belang.**

**Volgens dr. Malan se sienswyse sou die beste taktiek wees om die volk 'n geweldige skok toe te dien deur 'n soort van Stalingrad te veroorsaak.** Veral moet sy ekonomiese rehabilitasieplan dien om die volk te laat watertand vir die oorwinning. Sy pers sal die indruk verwek of die kanse op 'n oorwinning besonder goed is, mits natuurlik almal vir die H.N.P.-kandidate gaan stem. **Daar sal egter gesorg word dat alleen die lojaalste partylede as kandidate mag staan. Enige kandidaat wat blyke gee dat hy volksbelang bo partybelang stel, sal deur dr. Malan self verbied word om hom verkiesbaar te stel — 'n mag wat hom onlangs verleen is.**

**Hierdeur sal verseker word dat 'n groot aantal H.N.P.-kandidate nie die paal sal haal nie. Hulle sal gestalingrad word en dan aan die volk voorgehou word as martelaars wat deur die Ossewabrandwag omgebring is.** Dr. Malan hoop dat 'n geskokte volk hom dan in sy wanhoop sal wreek op die Ossewabrandwag, en al sou hy dan minder volgelinge in die parlement hê as voorheen, mag hierdie verlies opweeg teen die voordele van 'n verswakte Ossewabrandwag. Dr. Malan sal egter sorg dat van sy vertrouelinge wel na die parlement terugkeer deur die maklikste setels aan hulle toe te wys.

Dit is dan ook die rede waarom dr. Malan die Ossewabrandwag se aanbod t samewerking ignoreer en dus blykba r verwerp.

## *Amajoeba-Veteraan voor Kaapse Kommando's op Vryheidsdag*

**By geleentheid van die viering van Vryheidsdag op 27 Februarie sal die Kaapstadse kommando's die besondere voorreg hê om 'n veteraan van Amajoeba as spreker te hê. Dit is die 84-jarige oom Pieter Joubert, wat van alle oorlewendes uit daardie slag waarskynlik die beste in staat is om 'n geheel-oorsig van die geveg te gee. As brandwag uitgestel op 'n hoë kop naby Amajoeba, het hy die hele slag met 'n sterk verkyker gevolg. Hy praat die middag om 5-uur op Parow, waar die feesviering plaasvind.**

**Op versoek het die skrywer Dèki onderstaande bekendstelling vir ons blad geskryf:**

### *'n Verteenwoordiger van die Verlede*

Dis vir my 'n voorreg om die 84-jarige Amajoeba-veteraan Pieter C. Joubert aan die lesers van Die O.B. voor te stel. Trouens die naam Joubert en Amajoeba het vir ons byna sinoniem geword. En in die veelbewoë geskiedenis van die vaderland neem hierdie familienaam ook 'n besondere



**Oom Pieter Joubert.**
(Amajoeba-veteraan.)

plek in. Daar is haas geen terrein van die volkslewe waarop die grotes onder die Jouberts nie met krag beweeg het nie. Maar hoofsaaklik op die gebied van die krygskuns het hulle luisterryk presteer. In die grootste slae om die vryheid van die Boerenasie het hulle onsterflike roem verwerf. Dink aan die onverskrokke genl. Frans Joubert, die held van Bronkhorstspruit. Dink aan daardie byna vergete figuur, ou vader Willem F. Joubert, komdt.-genl. van die Lydenburgse Republiek, wat saam met Andries Pretorius die konvensie van Sandrivier deurgedruk het. Dink maar aan sy seun David, een van die dapper veldkornet-aanvoerders in die slag op Amajoeba. Saam met Pieter C. Joubert veg hy in die slae by Bronkhorstspruit, Skuinshoogte en Laingsnek. Saam word hulle Volksraadslede; hy vir Carolina, Pieter vir Ermelo. Saam veg hulle as bittereinders die Tweede Vryheidsoorlog dwarsdeur, hy as veggeneraal. Saam gaan hulle die land uit in 1903 en genl. David Joubert sterf, voor sy tyd, in Tropies-Afrika op hul soektog na 'n heenkome onder die Engelse uit.

'n Mens dink ook onwillekeurig aan die deftigste man in die Republiek voor 1877 — „John Gentleman'' het die Engelse hom genoem — die waardige Raadslid vir Middelburg en na 1881 Weesheer van Transvaal en Meester van die Hooggeregshof — Johannes S. Joubert, die vader van Oom Pieter. Saam met Willem Kok van Doornfontein (grootvader van A.K.G. J. A. Smith se eggenote) is hy deur die Boere as gyselaars aan die Engelse uitgelewer.

Maar die grootste seun uit hierdie beroemde familie is natuurlik komdt.-genl. Piet Joubert, die held van Amajoeba en Spioenkop.

#### DAREM NOG EEN

Maar hierdie heldegeslag het ontslaap. En wat sal die jeug van Suid-Afrika nie wil gee om net eenkeer een van hierdie seuns van die Boerenasie te hoor praat nie? Of al was dit dan net iemand uit hul familie, of 'n tydgenoot wat saam met hulle, skouer aan skouer in die gevegte gestry het. Dit bring my terug na Oom Pieter, 'n held uit baie gevegte, 'n veteraan uit twee Vryheidsoorloë. Hy het dan ook ingewillig om op 27 Februarie — twee-en-sestig jaar ná die slag by Amajoeba — die jong mense veral toe te spreek oor hierdie groot segestryd. Hy is die laaste van sy Joubert-tydgenote van 1881.

Nou is daar reeds so een en ander omtrent Oom Pieter vertel. Hier volg

(Vervolg op bls. 2, kol. 2)

## MAN EN VROU STAP VYF MYL NA VERGADERING

**Op 'n dienslaervergadering wat op Kransfontein (Prieska-kommando) onlangs gehou is, was twee brandwagte teenwoordig wat vyf myl te voet afgelê het omdat hul motor uit orde was. Hulle is mnr. en mev. Combrink. In die skroeiende hitte van die Noordweste het hulle nog hul kos saamgedra wat op die berg geëet is, as ook pannekoek vir verkoop ter stywing van die Noodhulpfonds. By die terugkeer het veldk. Kock hulle tot by die voet van die berg gebring vanwaar hulle nog 3½ myl moes stap. Aan geesdrif ontbreek dit die Ossewabrandwag inderdaad nie!**

## MINISTER BEGENADIG NOG 'N KLEURLING

**Die Minister van Justisie het nog 'n keer ingegryp om 'n kleurling se vonnis kragtens die Noodregulasies te versag. Die betrokke kleurling, Willem de Villiers, is op 21 Desember tot drie weke dwangarbeid gevonnis weens aanranding op 'n konstabel in Kaapstad. Aan hom is borgtog verleen in afwagting van die Minister se beslissing. Die Minister het dit egter goed gedink om die vonnis van tronkstraf te wysig tot £3 boete.**

## VERDUIDELIKING VAN VERKIESINGSBELEID

### Hele Aanbod Verval Indien Partyleiding Weier

Dit wil voorkom of daar by baie 'n misverstand bestaan omtrent die Ossewabrandwag se standpunt ten opsigte van 'n algemene verkiesing. Die Kommandant-generaal se verklaring namens die Grootraad kan as 'n voorstel beskou word met 'n definitiewe voorbehoud, **naamlik dat daar eensgesindheid tussen die republikeinse groepe moet bestaan ten opsigte van die kandidate, alvoor die Ossewabrandwag sy steun aan sulke kandidate sal verleen.** Die kandidate wat gestel word, moet VOLKSKANDIDATE wees wat die grootste mate van steun van Afrikanerkant sal ontvang, en **mag** nie **PARTY-kandidate** wees wat gestel word om alleen die belange van een bepaalde party te bevorder nie.

**Indien aan hierdie voorwaarde deur die partyleidings nie voldoen word nie, verval die Ossewabrandwag se aanbod vanselfsprekend, en sal hy met die verkiesing niks te doen hê nie. Hy gaan slegs kandidate steun wat deur die partye as volkskandidate gestel word.**

Indien dr. Malan dus die voorstel van die Ossewabrandwag verwerp, verwerp hy daarmee die idee van 'n volksbetoging en samewerking, **en in so 'n geval kan die Ossewabrandwag GEEN ENKELE kandidaat van hierdie party op enige plek in die land ondersteun nie,** want elke H.N.P.-kandidaat moet 'n **gelofte van trou** aan die **Party** en sy leier aflê, **waardeur hy onvoorwaardelik onderwerp word aan die wil van dr. Malan. Sulke kandidate sal dus in belang van die party moet optree ook waar dit die vernietiging van ander republikeine betref, en die Ossewabrandwag kan nie vir sy eie vernietiging en volksverbrokkeling stem nie.**



## Reisplan van K.G. en A.K.G.

Ons plaas die verbeterde reisprogram van die K.G. en A.K.G. deur die Noordweste. **Lesers moet let op wysiginge wat van tyd tot tyd aangebring word:**

**Zeekoevlei Clanwilliam, 19 Feb., 6 n.m.; Vredendal op plaas van mnr. J. van Zyl, 20 Feb., 9.30 vm. of soos plaaslik bepaal; Bitterfontein, 22 Feb., 9 nm.; Kamieskroon, 23 Feb., 3.30 nm.; Springbok, 24 Feb., 8.45 nm.; Keimoes, 25 Feb., namiddag; Kanoneiland, 25 Feb., 8 nm.; Buchuberg (Grootdrink en Groblershoop), 26 Feb. (tyd en plek word plaaslik gereël); Kakamas, 27 Feb., namiddag; Upington, 27 Feb., namiddag en aand; Brakwater (Kenhardt), 1 Maart, 2 nm.; Skanskklip B, 2 Maart, 11 vm.; Williston, 4 Maart, aand; Calvinia, 5 Maart, 8 nm.**

116 Takke · 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**
**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

*Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ........................

Naam........................

Adres........................

(O.B. 17 Feb. 1943)........................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,**

**JOHANNESBURG**

**Posbus 3512 Foon 22-3512**

## AMAJOEBA-VETERAAN

(Vervolg van bls. 1)

nog 'n paar besonderhede: Afgesien van die twee Vryheidsoorloë het hy ook aan verskeie Kafferoorloë deelgeneem waarvan die „Oorlog met Modjaje'' 'n tipiese voorbeeld is. Met die ingang van 1903 lei hy die Joubert-kommissie na Duits-Oos-Afrika. Hy soek 'n heenkome vir sy familie en vriende onder die Britse vlag uit. Die Duitsers bied hom 'n plaas van oor die 10,000 morg aan. Ook vier ander lede van die kommissie kon ewegroot plase uitkies. Siekte en dood dryf hom egter terug. Jare later gaan hy tog Oos-Afrika-toe. Maar genoeg. Nog net die volgende stukkie interessante geskiedenis wat hier vir die eerste maal gepubliseer word.

Tussen Oom Pieter en genl. Schalk Burger het 'n intieme vriendskap bestaan. Trouens twee susters van Burger was getroud met twee eie broers van Oom Pieter. Nadat pres. Kruger die land verlaat het, het Burger waarnemende President geword. Nou het dit gebeur dat Joubert by die Regering in die veld was. Ek dink dit was in September 1901 dat waarn. pres. Burger se laertjie gestaan het voor die rivier Imbeloesie net waar die pad deurgaan van Transvaal na Swasieland. Genl. Burger moes op dringende sake na die Swasie-koning gaan. Hy durf die land egter nie verlaat sonder om 'n plaasvervanger in sy plek aan te stel nie. **Met toestemming van die lede van die Regering is Pieter Joubert tot waarnemende President benoem. Hy is dus vandag die enigste lewende persoon wat op hierdie hoë onderskeiding kan aanspraak maak, al was dit kort van duur.**

Maar vir my persoonlik is hy in sy gryse ouderdom veel meer as 'n gewese waarnemende President van Transvaal. Waar ek hom 'n skare sien toespreek is hy die verpersoonliking van al sy ontslape tydgenote. Sy oë het immers die dapper seuns van die Voortrekkers gesien: Sy hand het die hand van Kruger en Joubert en Martinus Wessels Pretorius gegryp: Sy hart het die polsslag van vier geslagte voel klop: Sy lippe het die vryheidsgebed vir 80 jare gebid — en sy oë sien vandag die hunkerende jeugskares, die vryheidskinders van môre, besiel met dieselfde gees van Perdekraal en Amajoeba. Wat 'n genade; wat 'n groot genade!!

## Kiekies Van O.B.-Funksies

Op versoek van die K.G. se hoofkwartier word 'n beroep gedoen op mense wat kiekies of portrette van Ossewabrandwagfunksies of -parades het om dit aan genoemde hoofkwartier te skenk. Die kiekies moet vergesel wees van 'n beskrywing watter funksie dit is, wanneer en waar, en wie die persone is wat opgetree het, ens. Daar moet goed verstaan word dat dit geskenke is wat nie later opgeëis kan word nie. Met die oog op veiligheid, moet dit liewer nie per pos gestuur word nie, maar persoonlik oorhandig word aan lede van die verskillende hoofkwartiere.

# *Professor Ry 20 Myl per Fiets Na Ossewabrandwag-Kamp*

## *Offisiere Geesdriftig in Wes-Transvaal*

**Teen die einde van verlede maand is 'n drie-daagse Dienslaertrekking van Wes-Transvaalse offisiere naby Hartebeesfontein gehou met die doel van onderlinge kennismaking, inspirasie en studie.**

Nieteenstaande die moeilike vervoeromstandighede het die offisiere en sprekers hulself groot opoffering getroos om die laertrekking by te woon. Om maar net een geval te noem. **Prof. L. J. du Plessis het hom, by gebrek aan petrol, genoodsaak gevind om per trein van Potchefstroom na Klerksdorp te gaan en om vandaar die 20 myl na Hartebeesfontein per trapfiets, wat hy saam met hom op die trein geneem het, af te lê. Prof. Du Plessis moes die laer oor verskeie sake toespreek en hierdie opofferende daad van hom het die diepste waardering van die offisiere teenwoordig uitgelok.**

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het ook 'n besoek aan die laer gebring en vir 'n dag aangenaam onder sy offisiere verkeer om sake van die dag met betrekking tot die Ossewabrandwag aan hulle te verduidelik. Weereens het daar 'n kragtige besieling van hom uitgegaan en is 'n hegte kameraadskap van koersbewuste en vasberade manne gesmee. In sy toespraak het die Kommandant-generaal veral die vaste wil van die Ossewabrandwag beklemtoon om vir altyd in diens van die Afrikanervolk te staan. Die laer is verder ook besoek deur die A.K.G. van Transvaal, genl. J. D. Jerling, wat in 'n besielende toespraak veral gewys het op die groot taak wat in hierdie veeleisende dae op elke offisier rus.

Die laer was onder beheer van hoofgeneraals S. J. Stander en A. J. H. van der Walt, onderskeidelik voorsitter en sekretaris van die Grootraad. Hulle het daarin geslaag om deur hul voorbeeldige leiding deurgaans 'n strenge dissipline in die laer te handhaaf sonder om egter aan die uiters gesellige omgang afbreuk te doen. Elke oggend is 'n inspeksieronde deur die hele kamp gehou om te sien of die offisiere hul tente in 'n net toestand hou. Ook was daar geen genade vir diegene wat saans na elfuur, wanneer alle ligte gedoof moes wees, 'n lawaai durf opskop het!

### LESINGS

Die studieonderwerpe was van 'n groot verskeidenheid, by voorbeeld oor kampinrigting, jeugfrontorganisasie, noodhulporganisasie, beleefdheids- en plegtigheidsvorme, ens. Inligtingstoesprake oor die volksbeleid van die Ossewabrandwag is deur die volgende persone gelewer: prof. dr. A. J. H. van der Walt oor die volkstaat in teenstelling met die demokratiese staat met partyregering; prof. L. J. du Plessis oor die organisasie van die volkstaat en ook oor die gesinsbeleid van die Ossewabrandwag; en mnr. J. J. Piek oor die boer in die volkstaat. Prof. dr. H. G. Stoker, wat deur internering verhinder is om die laer by te woon, sou gepraat het oor die Ossewabrandwag en nasionaal-sosialisme.

Ds. S. J. Stander het ook 'n besielende toespraak oor algemene volksake gehou.

Die plegtigheid in verband met die hysing en stryking van die vlag elke oggend en aand was baie indrukwekkend. Watter gevoel van innerlike trots moes in elke oudstryder, waarvan daar 'n hele aantal teenwoordig was, opgewel het onderwyl die Vierkleur, simbool van Boerevryheid, stadig teen die vlagstok omhoog styg? Elke hysing- en strykingsplegtigheid is gevolg deur oggend- en aandgodsdiens onderskeidelik.

Die stemming van die laer was deurgaans aansteeklik en die geesdrif het by die dag gestyg. Tot welke mate dit die geval was blyk uit die feit dat verskeie offisiere reeds na afloop van die tweede dag se verrigtinge daarop aangedring het dat nog 'n laertrekking vóór die oestyd (mielie-oes omstreeks Julie) gehou word, nieteenstaande die geweldige opoffering om die kampe by te woon.—(Transvaalse Kor.)

**BELÊ U GELD**

waar dit van

**3½% tot 5%**

rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u

**EIE VOLKSBANK**

**SPOORBONDKAS BEPERK**

Posbus 8289, Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

**DE KOCK se GARAGES**

**Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.** **Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.**

Eienaar: **D. D. DE KOCK**
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

*ONS HET 'N PRAGTIGE BESENDING*

**Dames-Hoede**

nou net uitgepak

*KOM MAAK U KEUSE!!*

*by*

*Steyns*

**PAROW**

DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.

**VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL (EDMS.) BPK.**

**Kerksaal-Gebou .·. Voortrekkerweg**



**MAITLAND**



***Boere!!***

***Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:***

**Stuur u vee aan ons—die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark**

*Skryf vir besonderhede en permitte.*

*Posbus 22.* *Foon 5-2370.* *Telegramme: GEWIG.*

**MAITLAND.**

# Wie Het Gesê?

Dat die Afrikaner nie sy
Ekonomiese Erfenis kan herwin nie!

# Excelsior Meubels

BEPERK

*Die Sterkste en Grootste Afrikaanse-Meubelorganisasie*
*. . het reeds Bewys Gelewer dat dit kan. . .*

*Gedurende die afgelope Drie Maande het die Bate van die Maatskappy met oor die £75,000 gestyg.*

*Belê U Geld in Aandele van*

## Excelsior Meubels Beperk

Die Maatskappy wat reeds aan talle van Mede-Afrikaners Werk verskaf

* *AANDELE £1 Elk — Slegs $\frac{1}{5}$ by aansoek betaalbaar.*
* *Reeds die Eerste Jaar is 'n Diwidend van 8% op die Gestorte Kapitaal verklaar.*

Kom Besoek Ons of Skryf om Aandele-Aansoekvorm en volle besonderhede aan

Posbus 2996. Foon 3-0591.

Groote Kerkgebou 614, Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 17 FEB. 1943

# Deur Sulkes Word Ons Volk Regeer !

Daar is 'n spreekwoord wat sê in die nood leer jy jou vriende ken. Dit is 'n harde waarheid wat in verskillende opsigte toegepas kan word. Dit is of daar in kritieke tye 'n vergrootglas oor die mens gestel word wat die klein verskuilde swakhede openbaar. En vandag belewe ons so 'n tyd. Kort gelede het genl. J. A. Smith verklaar dat die stryd teen die Ossewabrandwag vir ons geopenbaar het hoe vuil die modderpoel inderdaad was waarin ons as volk deur die partypolitiek gesleep is.

Maar daar is 'n ander aspek wat ons graag die aandag op wil vestig, en wel na aanleiding van die jongste oorlopery van sekere politici na die kant van die Empire. Hierdie oorlopery vind plaas drie-en-halwe jaar ná die oorlog begin het, en wanneer mense vandag skielik tot die ,,oortuiging'' raak dat die oorlog in belang van Suid-Afrika is, is dit sekerlik nie alte vleiend vir hierdie manne se oordeelsvermoë nie, en behoort dit op sigself genoegsaam te wees om 'n streep deur hul aanspraak op volksverteenwoordiging te trek. Wanneer sulke mense dus bereid is om hierdie diskwalifikasie op hul skouers te haal, moet die motief wat hulle tot so 'n stap beweeg, inderdaad sterk wees. **En daardie motief is in die partypolitiek die mees algemene verskynsel. Dit is die oorweging van eiebelang, wat vir elke beroepspolitikus deurslaggewend is.**

**Nuwe Beroep.**

Deur die partystelsel is daar 'n nuwe beroep of professie in die lewe geroep, dié van **beroepspolitikus.** Die partystelsel, met sy gedurige stemwerwery en organisasie, het dit aan die een kant noodsaaklik gemaak vir die volksverteenwoordiger om gedurig rond te reis en vergaderings te hou. Daar bly dus nie veel tyd vir hom oor om sy eie sake te behartig nie, sodat hy heeltemal afhanklik word van sy parlementêre salaris. (In die dae van die Republiek was dit nie nodig om ,,verkiesingsveldtogte'' te hou nie. Elke kandidaat verklaar sy beleid en daarmee is dit verby. Al vergaderings wat gehou word, is wanneer die Volksraadslede ná 'n sitting terugkeer en die nuwe wette in hul kiesafdelings aan die burgers verduidelik. Elkeen bly egter tot sy eie kiesers beperk, en dit is nie nodig vir ,,groot kanonne'' om van een kiesafdeling na die ander deur die land te reis nie, soos dit vandag die geval is.)

**Aan die ander kant het die aanloklike salaris en verskillende voorregte wat verbonde is aan die amp van volksverteenwoordiger dit vandag 'n hoogs winsgewende beroep gemaak, veral vir die gewetenlose politikus wat dikwels indrukwekkende fooie vir spesiale dienste van agter die skerms in die hand gestop word.** Om 'n parlementslid te word, het vir baie beteken om 'n soort van goudmyn in besit te kry. **Dit was inderdaad 'n betalende beroep wat teen baie hoë koste behou moes word.** Daarby het dit in die jongste verlede nog 'n eervolle status beteken — dit is eers onlangs dat die volk sy hoë agting vir die volksraadslid begin verloor het.

**Ja-broer.**

Al hierdie dinge saam het daartoe gewerk om van die volksverteenwoordiger 'n soort parasiet te maak wat sy amp gebruik of misbruik tot verryking van homself ten koste van die volk. **Hy moet gedurig strydvoer om sy posisie te behou.** By sy kiesers moet hy gedurig flikflooi met die gevolg dat hy nooit sterk stelling teen enige euwel kan inneem nie, **want hy moet probeer om so min vyande as moontlik te maak.** Hy moet liewer met almal vriende maak en 'n soort van ja-broer met twee gesigte word. Verder moet hy gedurig die politieke strominge dophou, want om sy posisie te behou, moet hy altyd sorg om aan die sterkste kant te wees. **As dit dus vir hom lyk of daar om een of ander rede 'n ommeswaai in die openbare mening is, moet hy vroegtydig ook omswaai ongeag watter beginsels op die spel staan. Veral as daar 'n verkiesing aan die nader is, moet die beroepspolitikus sorgvuldig oorweeg of hy weer gekies sal word indien hy by die party bly waaraan hy behoort.** Lyk dit vir hom of 'n ander party moontlik die oorwinning sal behaal, is dit beter om aan die wêreld te verklaar dat hy nou ,,tot beter insigte'' gekom het, en voortaan sy volle gewig by die ander party gaan inwerp ,,in belang van land en volk''!

**Politieke Kramer.**

Dit is duidelik dat met die loop van tyd onder hierdie stelsel daar 'n deeglike sifting moet plaasvind. **Die man wat waarlik beginsels vooropstel en die belange van sy volk eerste plaas, sal nie lank bo bly nie; hy sal moet plek maak vir die opportunis wat beter as hy in staat is om die stemvee en kapitaal agter hom te kry. Op hierdie wyse het ons parlement deurtrek geword van 'n klas man wat beskryf kan word as die politieke kramer wat van sy volksverteenwoordigingskap 'n winsgewende praktyk maak.**

**En dit is hierdie klas van man aan wie die belange van ons land en volk nou reeds reeds vir dertig jaar en meer toevertrou is!**

En ons vra, as so 'n groot saak soos oorlog, ja die bestaan of ondergang van 'n volk, nee, die bestaan of ondergang van 'n hele beskaafde wêreld op die spel is, en hierdie ,,volksverteenwoordigers'' verander nog van standpunt terwille van 'n naderende verkiesing, hoe rampsalig was die lot van ons volk vir die afgelope dertig jaar inderdaad nie!

As die voortbestaan van hul volk, as die behoud van die Christelike beskawing by hulle ligter weeg as 'n parlementêre setel, **watter ydele hoop het ons volk ooit gehad dat die ellende van die armes, die sorge van die boer en die kwellinge van die arbeider by hulle swaarder sou weeg as 'n parlementêre setel wat met behulp van kapitalistiese vriendskap en steun behou kon word?**

Geen wonder dan ook dat sedert die invoering van die partystelsel in ons land nog geen vraagstuk aangepak is nie, laat staan nog te praat van opgelos!

# *Brokkies uit die Buiteland*

## RUSLAND BAIE STERK

In sy jongste toespraak het Göring o.a. gesê dat die Russiese oorlog teen Finland (1939—1940) miskien die grootste en slimste oëverblindery van die wêreld se geskiedenis was. Met hierdie woorde bedoel Göring dat Rusland met sy sukkel-sukkel-oorlog teen die klein Finland, die wêreld doelbewus mislei het omtrent sy werklike militêre mag, ongeveer soos Japan gedoen het met sy sukkel-sukkel-oorlog in China vóór 1942. Dit is nie bekend hoe goed of hoe sleg die militêre deskundiges van die wêreld oor Rusland ingelig was nie. Uit die jongste Russiese offensief behoort dit egter vir elkeen duidelik te wees dat die Rusland van Stalin oorweldigend sterk moes gewees het. Geen land ter wêreld behalwe Rusland sou na sulke reusagtige nederlae in staat gewees het om so geweldig terug te slaan nie. Vir bondgenoot en vyand is die jongste Russiese suksesse waarskynlik 'n groot verrassing. **Vir bondgenoot en vyand behoort die mag van die Bolsjewistiese Rusland tot baie ernstige nadenking te stem.** Of die jongste Russiese suksesse van beslissende aard sal wees, sal alleen die toekoms openbaar. Oor Rusland was dit altyd moeilik om te profeteer. Vandag is dit nie anders nie.

## VLOEDGOLF VAN OPTIMISME

Onder invloed van die jongste Russiese suksesse het daar oor die lande van die Geallieerdes opnuut 'n vloedgolf van optimisme losgebars. Duitsland, Italië en Japan moet ,,onvoorwaardelik oorgee'' volgens die besluit van Roosevelt en Churchill by die onlangse samesprekings te Casablanca. Daar word reeds beraadslaag oor ,,Victory Balls'' om die eindoorwinning te vier.

Met die oog op die baie teleurstellings wat in die verlede so dikwels op oordrewe optimisme gevolg het, behoort die nugtere beoordelaar rekening te hou met werklike moeilikhede en hindernisse wat nog in die oorwinningspad van die Geallieerdes staan.

## STRUIKELBLOKKE

**Indrukwekkend soos die Russiese suksesse ook al is, moet onthou word dat die Rooi leërs nog baie ver van die landsgrense van die Spilmagte staan. Wat meer is, sal die Bolsjewiste die inisiatief wat hulle vandag het, in die komende somer kan handhaaf of sal hierdie inisiatief soos verlede jaar weer oorgaan in die hande van die Spilmagte?** Voorts as die Bolsjewiste, die Britte en Amerikaners groot nederlae in hierdie oorlog kon oorleef, dan moet daar ten minste rekening gehou word met die moontlikheid dat ook die Spilmagte terugslae sal kan oorleef.

'n Ander geweldige struikelblok op die pad van oorwinning is die feit dat die Brits-Amerikaanse bondgenote oor geen vastrapplek op die vasteland van Europa beskik nie. 'n Geslaagde Brits-Amerikaanse landing in Wes-Europa is volstrek noodsaaklik vir 'n Angelsaksiese oorwinning. Hoe moeilik so 'n landing is, het hierdie oorlog reeds bewys.

Dit is moontlik dat 'n landingspoging in Italië of in 'n onsydige land soos Spanje of Portugal gemaak sal word. Die struikelblokke wat in die weg van so 'n landingspoging staan, is legio en hierdie struikelblokke is met een vermeerder deur die feit dat die Spil vandag in Tunisië en in ander strategiese plekke in die Middellandse See waardevolle steunpunte besit.

## DUIKBOTE

**Die moeilikste struikelblok op die pad van 'n Geallieerde oorwinning is egter die duikboot.** Hierdie duikbootgevaar sit aan die wortel van al die moeilikhede waarmee die Geallieerdes te kampe het. In Brits-Amerikaanse kringe word hierdie gevaar openlik erken. Sonder skepe kan die Britte en Amerikane geen geslaagde oorlog voer nie. 'n Paar gekelderde skepe belaai met oorlogstuig of dryfstof beteken so veel as die wen of verlies van 'n taamlike groot slag op land. Die duikbootgevaar bly dus die grootste struikelblok op die pad van 'n Geallieerde oorwinning en die onlangse benoeming van 'n duikbootdeskundige as hoof van die Duitse oorlogsvloot skyn daarop aan te dui dat hierdie soort oorlog geïntensifeer gaan word.

'n Ander belangrike hindernis op die pad van 'n Geallieerde oorwinning is die magsposisie wat Japan verower het. Hieroor hoef nie uitgewei te word nie behalwe om te konstateer dat Amerika en Brittanje al hul kragte sal moet inspan om hierdie struikelblok uit die pad te verwyder.

Die gejuig wat in Geallieerde kringe opgaan oor die Bolsjewistiese oorwinnings kan dus bes moontlik nog 'n bietjie voorbarig wees. En as Roosevelt en Churchill by Casablanca besluit dat Duitsland, Italië en Japan ,,onvoorwaardelik moet oorgee'', dan kan alleen gekonstateer word dat 'n dergelike uitlating op hierdie stadium van die oorlog nie alleen voorbarig is nie maar dat dit ook die stempel dra van uiters slegte propaganda, veel slegter as die veertien punte van 'n Widrow Wilson in 1918.

# SMUTS OOR NIE-BLANKES SE BETER TOEKOMS

## Leër Wis Vooroordeel Uit

By geleentheid van 'n konsert van nie-blankes in Kaapstad het veldm. Smuts verlede week 'n beter verhouding tussen blank en gekleurd ná die oorlog in die vooruitsig gestel. **Baie van die land se kleurvooroordeel sal verdwyn, blank en nie-blank sal mekaar beter verstaan en waardeer en baie gelukkig saamlewe, het hy verklaar.** Hy het die nie-blankes ook bedank vir hul bydrae tot die oorlogspoging, en gesê dat hulle baie bygedra het tot die oorwinnings wat totsover deur die Suid-Afrikaanse magte behaal is. **,,Die toestande in die leër is reeds verbeter en die samesyn van blankes en nie-blankes aan die front het 'n gees van saamhorigheid laat ontstaan, wat ná die oorlog voortgesit sal word,''** het die Eerste Minister beklemtoon.

Boerende Boere

AANDAG !

Stuur u VEE en PRODUKTE aan

VOLKSKOPER MARK BEPERK

Newtown, Môremark, JOHANNESBURG.

Foon 34-1442. Wolhuterstraat 62.

*Ons direkteure is ons waarborg.*

*Skryf om besonderhede.*

STERKTE !

Hoofkommandantskap

STELLENBOSCH

VIER

VRYHEIDSDAG

27 Feb., op Blaauwklip

Vertrek 3.30 nm. in optog van Drostdy Hotel.

*Vrugte en koffie te koop.*

Spesiale kollekte vir Noodhulpfonds.

(Bring beker en aandete asook 'n stuk hout vir Vryheidsvuur.)

ALLE GOEDGESINDES WELKOM.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

VRYHEIDSDAG !!

Vir die Skiereiland word gevier op die

VOORTREKKER-TERREIN TE PAROW

(Tussen Voortrekkerweg en Stasie)

OP

SATERDAG, 27 FEBRUARIE 1943.

VOORPROGRAM VANAF 4 NM:— Volkspeletjies, vrugtefees (waatlemoen en druiwe word verkoop), koffie, koeldranke en toebroodjies is verkrygbaar. — **Kom eet saam in die buitelug.** — Gesellige verkeer. — Vure sal brand, maar geen vleis word verkoop. Bring die bekertjies en stoele saam.

5 NM.:— 'n Toespraak deur die 84-jarige Amajoeba-veteraan, Mnr. P. C. JOUBERT.

Aandprogram begin 7 uur stiptelik.

Spesiale Insameling vir die O.B.-Noodhulpfonds vir Geïnterneerdes.

## GENERAAL J. P. GOUS NA KOFFIEFONTEIN

### INTERNERINGSBELEID GAAN SY GANG — DIE O.B. OOK

Die Empire-regering het voorverlede week weer alte duidelik getoon in watter kraal hy sy vyand sien, toe nog 'n getroue offisier van die Ossewabrandwag na die interneringskamp op Koffiefontein gestuur is. Hierdie jongste slagoffer van die listige interneringsbeleid van die huidige bewindvoerders is genl. J. P. Gous, 'n welbekende prokureur in Johannesburg.

Genl. Gous is Vrydagoggend, 29 Januarie, deur speurders op sy kantoor in hegtenis geneem met die oog op internering, na hulle hom meegedeel het dat hulle die opdrag van Pretoria gekry het. Die speurders het hom hierop na sy woning vergesel en net 'n klein rukkie toegelaat om die nodige klere bymekaar te skraap en van sy vrou en twee kinders afskeid te neem. Hy is vir die res van die dag in Marshallplein aangehou en sou die volgende dag na Koffiefontein vervoer word.

Vrydagnag het hy egter 'n aanval van hartverlamming gekry, wat moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat hy in 'n baie nou selletjie opgesluit was. Gelukkig het die persoon in die sel langs hom gehoor dat daar iets verkeerd is en die wagte geroep. As dit nie gebeur het nie is dit onwaarskynlik dat genl. Gous die aanval sou deurleef het. Hy is toe na die tronkhospitaal geneem. Dinsdag, 2 Februarie was hy weer in so 'n mate herstel dat hy die oggend per motor na Koffifontein vervoer kon word.

Die berig van genl. Gous se internering het net soos in die geval van prof. dr. H. G. Stoker van Potchefstroom soos 'n skok vir sy mede-offisiere en brandwagte gekom. Hy was een van die stil en vasberade offisiere wat sy werk baie pligsgetrou vervul het. Hy was gelief op al die rade waarop hy gedien het, t.w. die Generaalskrygsraad, die Dagbestuur van die Transvaalse Beheerraad en op die Beheerraad self. As hy gepraat het, het almal geluister want elkeen het geweet dat agter sy woorde die ervaring van 'n bekwame offisier skuil.

BAAT NIKS

Dit is opvallend dat genl. Gous in hegtenis geneem is op dieselfde dag waarop die reeks inspeksievergaderings van hoofgenl. Louis Bootha die aand met 'n offisiersvergadering van sy generaalskap sou afgesluit word. **Dit kon egter nie die Ossewabrandwag afskrik nie. Slegs 'n paar uur na genl. Gous in hegtenis geneem is, was sy opvolger reeds benoem in die persoon van dr. P. J. Bothma. Die vergadering is die aand gehou en die spanning onder die meer as 400 offisiere teenwoordig het sy klimaks bereik toe hoofgenl. Bootha vir dr. Bothma op aandag roep en hom voorstel met die woorde: „Offisiere hier is jul generaal; Generaal hier is jou offisiere''. Die aankondiging is met 'n oorweldigende instemmingsbetuiging begroet, waarop dr. Bothma gepas geantwoord het.** Net voordat hy die nuwe generaal voorgestel het, het hoofgenl. Bootha beklemtoon dat die Regering nie moet dink dat hy die Ossewabrandwag kan lamslaan deur sy offisiere te interneer nie, want hy sal vind dat elke offisier 70 maal 7 maal verplaas kan word. Dit is juis hier waar die krag van die organisasie lê. Die onbreekbare wil van die offisiere en hul vasberadenheid om die stryd tot die einde voort te sit was duidelik voelbaar in die atmosfeer wat die vergadering omkleef het.

Al die offisiere en brandwagte van Transvaal en die Rand in besonder wil graag langs hierdie weg aan die eggenote en kinders van genl. Gous krag en sterkte toewens in hierdie dae van beproewing. Die Ossewabrandwag vergeet nie! Geen offer is vrugteloos nie. —(Transvaalse Kor.)

## Vryheidsdag is Offerdag

**Elke Brandwag sal op 27 Februarie dink aan sy makkers wat hul persoonlike vryheid opgeoffer het in belang van ons almal se vryheid. Die paslikste dank is 'n gevoelige bydrae tot die Fonds vir hul afhanklikes.**

# Deelname Aan Parlement Maak Volk Mede-skuldig aan Oorlog

## Opposisie Help Slegs om Besluite van Sap-Koukus Wettig te Maak

**Vir die oningewyde toeskouer van die Suid-Afrikaanse partypolitiek moes dit soos 'n slag gekom het toe hy die volgende dubbelkolom-opskrif in een van ons nasionale koerante gelees het nadat hy dae lank die parlementêre verslae aandagtig gevolg het: „VOORSTEL OM TROEPE OORSEE TE STUUR IN VOLKSRAAD DEURGESTEM.''**

As hy sy oë na die volgende bladsy gewend het, sou sy teleurstelling miskien plek gemaak het vir verbasing om daar te lees: „Genl. Smuts het sy sin, en Engeland se sin, gekry met die stuur van troepe na buitelandse slagvelde. NIEMAND HET TROUENS VERWAG DAT HY NIE IN DIE VOLKSRAAD 'N MEERDERHEID DAARVOOR SOU KRY NIE''!

Toe hierdie persoon die koerantverslae oor die bespreking in die parlement gelees het, moes hy meegevoer gewees het deur die redenaarstalent van die nasionale volksverteenwoordigers. Hy het sy asem ingehou en sy hart het vinnig geklop toe hy lees hoe die leier van die opposisie die een argument na die ander teen die Regeringsvoorstel slinger. In sy verbeelding het hy gesien hoe die gesigte van die Regeringslede vaal word. Hy kon hom duidelik voorstel hoe genl. Smuts onrustig rondkyk om te sien of daar nie dalk een van sy volgelinge aan die wankel is nie, en hoe hy en sy „voorbankers'' aantekeninge maak om in hul antwoord die argumente van die opposisie stukkend te skeur en sodoende te voorkom dat sy belangrike voorstel deur die meerderheid in die raad verwerp sal word. Genl. Smuts moes slapelose nagte gehad het solank die bespreking geduur het, het die oningewyde leser by homself gedink.

YDELE HOOP

Die volgende dag het hy weer met belangstelling sy koerant oopgemaak om die verdere verloop van die debat te volg. „Kopskoot!'' moes hy uitgeroep het toe hy die toespraak lees van 'n groot kanon in die voorste banke van die opposisie. Nog 'n paar pleidooie in belang van Suid-Afrika het gevolg wat selfs die hardste hart van 'n marmerbeeld sou laat smelt. „Waarlik, Jan Smuts gaan hierdie keer 'n klomp ondersteuners verloor,'' het die oningewyde leser hardop gedink. Geen volksverteenwoordiger is bestand teen hierdie argumente en roerende pleidooie nie. „Ek wens hulle stem al,'' het hy vir homself gesê. „Nou is ons land gered. Smuts se voorstel sal nooit die paal haal nie.''

Maar hierdie oningewyde leser het vergeet dat hy elke jaar tevore die volksraadsdebatte met dieselfde belangstelling gevolg het, **en dat hy elke keer teleurgestel was oor die uitslag.** Dit het hom nie opgeval dat elke voorstel van die Regering tog aangeneem word nie, net soos elke voorstel van die opposisie verwerp word. Hy het nog altyd gedink dat 'n paar lede aan Regeringskant beweeg sal word om vir die opposisie se voorstel te stem waarvoor so vuriglik gepleit is.

ONTNUGTER

**Maar as hierdie leser net 'n paar minute op die openbare galery kon sit en neerkyk op die „volksverteenwoordigers'' daar voor hom, sou hy nooit weer sy oë gemoor het om volksraadsdebatte te lees nie.** Daar eenkant sou hy 'n dosyn manne gesien het, die een besig om 'n boek te lees, die ander om 'n brief te skryf en drie ander met hul koppe bymekaar, besig om 'n studie te maak van die agenda terwyl een uit hul geledere met groot gebaar 'n toespraak hou.. **Dit is die oorblyfsels van die opposisie.** Die res van hulle is terug na hul huise of bevind hulle op daardie oomblik in die teekamer of in die „wandelgange'' waar hulle vriende onthaal of beraadslaag oor sette en teensette waarmee ander opposisie-groepe „uitgeskakel'' kan word.

'n Blik na die oorkant sou hom van alle illusies dat 'n Regeringslid bekeer kan word, genees het. Daar sit 'n twintigtal manne op wie se gesigte die uiterste vervelendheid gelees kan word. Hulle is die oorblyfsels van die Regeringsparty. Die een gaap volg die ander op, onderwyl een na die ander by die deur in- en uitstap. **Dit is duidelik dat nie een van hulle notisie neem van die opposisielid wat daar praat nie.** Elkeen gaan sy gang net soos die ander lede daar oorkant. **Waarom sal hulle ook luister? Die agbare lid daar oorkant praat mos nie vir hulle nie, maar vir „die volk daarbuite''! In die koukus het hulle mos klaar besluit hoe daar gestem moet word, en al die gepraat is maar net om die skyn van volksregering te gee. Op dié manier dink die volk dat daar darem deur die parlement regeer word, en berus die volk by die uitslag van die stemming.** Die Regeringsparty sorg net dat daar genoeg lede is om sy voorstel deur te stem, en omdat die opposisieparty weet dat hy tog niks aan die uitslag kan verander nie, **maak dit nie eens vir hom saak of al sy lede die stemming bywoon nie. Om dié rede is die voorstel van genl. Smuts dat troepe oor see gestuur sal word, aangeneem met 75 stemme teen 49, hoewel die opposisie-stemme tesame 67 tel.** Sodra 'n Opposisielid sy toespraak klaar gehou het, maak hy dat hy wegkom. Sy teenwoordigheid sal aan die land se toekoms geen verskil maak nie, en kan op 'n ander plek beter bestee word, veral om vergaderings te hou. **Die gevolg was dan ook dat die sogenaamde Blou-eedvoorstel met 'n meerderheid van 26 stemme aangeneem is, wat presies tweemaal so groot is as die meerderheid waarmee die oorlog verklaar is.**

BEDROG

So word die volk bedrieg. Die oningewydes dink dit is die parlement wat regeer, **maar in werklikheid is dit die Sap-koukus. Wat die Sap-koukus besluit, is wet vir die land, en die parlement is maar net daar om die indruk te skep dat die volk deur sy verteenwoordigers regeer word.**

**Solank republikeine dus deelneem aan hierdie praathuis, solank is hulle self besig om die volk te bedrieg.** Aan die bestuur van die land kan hulle niks doen nie. Al wat hulle doen, is dat die Empire-bewind hul teenwoordigheid in die parlement gebruik om sy eie wandade te bedek. **Wat die Sap-koukus besluit het en dus op rekening van die Empire-bewind moes kom, word nou 'n besluit van die „parlement'', die mondstuk van die volk, en word sodoende geplaas op rekening van die volk van Suid-Afrika. Deur deel te neem aan die parlement, aanvaar die Afrikanerdom mede-verantwoordelikheid vir die Empire se dade.** Want wetlik is dit die parlement wat regeer namens die volk, en wat die parlement besluit, word volksbesluit, hoewel dit in werklikheid Smuts se besluit is. **Maar as die Afrikanerdom wegbly van die parlement en dit aan die wêreld te kenne gee, sal die parlement niks anders wees as die Sap-koukus nie, en sal die verantwoordelikheid vir alle dade net op die Sappe rus.** Die Afrikanerdom sal dan „onskuldig'' kan pleit — wat hy nie kan doen solank hy aan die parlement deelneem en daar van sy verteenwoordigers is wat nog deur Smuts in kommissies benoem word om ondersoek in te stel na soldate se betaling nie! **Deur hierdie optrede help die opposisie om Smuts se wandade met die mantel van reg en geregtigheid te oordek. Smuts kan dan met reg verklaar dat hy bloot 'n opdrag van die parlement uitvoer en niemand kan dit betwis nie.**

## REPUBLIKEINE VERSKAF VYEBLAAR AAN SMUTS

### Deelname aan Parlement

Ons wys gedurig daarop hoe die deelname van republikeine aan die parlement deur die Empire-aanhangers voorgehou word as 'n bewys dat die land al veldm. Smuts se doen en late wettiglik goedkeur, en dat die volk dus ten gunste van die oorlog is. **Hierdie republikeine in die parlement kan geen jota aan Smuts se besluite verander nie. Al wat hulle doen is om daaraan die skyn van wettigheid en volksgoedkeuring te heg.** Ons neem onderstaande lawwe stuk oor uit die Sap-blad „Ons Land'' ten einde aan lesers te toon hoe waar ons standpunt is.

Die stuk handel oor die beswaar van opposisie-kant dat veldm. Smuts sy belofte van 4 September gebreek het deur nou troepe oor see te stuur. **Die opposisie het beswaar teen die nuwe stap in die parlement gemaak, maar Smuts se meerderheid het dit deurgedryf, en nou sê die blad:**

„Kyk Danie, jy beskuldig genl. Smuts daarvan dat hy sy woord gebreek het omdat hy nou vir die Parlement kom vra of hy troepe buite Afrika kan stuur, en dit terwyl hy in 1939 net gevra het om troepe in Afrika te gebruik. Maar dis mos 'n sotte beskuldiging, Danie. Laat jou oom jou verduidelik.

„Kyk, veronderstel nou ek was jou seun. Ek kom na jou toe 'n paar jaar gelede en ek sê: ‚Pa, kan ek asseblief na Bloemfontein toe gaan om 'n bietjie besigheid daar te gaan doen?' Na rype oorweging sê jy aan my: ‚Goed ou seun jy kan gaan, maar jy gaan nie verder nie, gehoor.' En ek sê: ‚Goed pa, ek sal nie verder gaan voordat ek nie eers weer vir pa kom vra het nie.'

„Toe gaan ek na Bloemfontein en ek maak al my besigheid daar klaar. Toe vind ek egter dat dit noodsaaklik is dat ek ook na Johannesburg moet gaan anders beteken die besigheid wat ek in Bloemfontein gedoen het niks nie. en ek mag groot skade kry as ek nie na Johannesburg toe gaan nie. Ek klim toe op die trein en gaan Kaaptoe. Ek ry uit na ons huis Brandwag in Seepunt. Toe ek daar kom is daar 'n Jood in die huis en hy sê my pa bly nou op Stellenbosch. Ek gaan Stellenbosch-toe en daar kry ek my pa. Toe sê ek aan jou wat my pa is: ‚Pa, kan ek asseblief na Johannesburg gaan. Dit is noodsaaklik vir my besigheid.'

„Wil jy nou sê Danie dat ek dan my woord gebreek het? **Jy kan mos nee sê as jy wil. En as jy nee sê, gaan ek nie. Dus om van woordbreuk te praat is mos nou somar twak.**

**„Net so met Jan Smuts. Hy het die parlement gevra of hy Kairo toe kan gaan en hulle het gesê: ja. Nou vind hy dit noodsaaklik om verder te gaan en hy kom vra die Parlement of hy verder kan gaan. Die Parlement kan sê nee as hulle wil, of ja as hulle wil. Dus om van woordbreuk te praat is nou skone onsin en jy weet dit Danie.''**

Deur weg te bly van die parlement, kan sulke argumente nie langer gebruik word om die wêreld te mislei nie, want die skrywer weet baie goed dat die parlement niks anders is as 'n verheerlikte Sap-koukus nie.


MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

•

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0213.

## LET WEL !

Bydraes in die vorm van groente en vrugte wat deur goedgesinde persone aan die geïnterneerdes te Koffiefontein gestuur word, is tot dusver gestuur aan mnr. J. C. Immelman op Koffiefontein wat dan gesorg het dat die goedere hulle bestemming bereik. Hierdie reëling was egter net van toepassing oor die kersgety. In Desember het die regulasies in verband met gifte aan geïnterneerdes in alle koerante verskyn. Daarvolgens moet mnr. Immelman nou goedere weer oorpos aan die manne in die kamp. Dit beteken verdubbeling van onkoste, tydverkwisting en bederf van goedere. Ons sal dus bly wees indien persone wat goedere wil stuur dit direk aan die kamp stuur **soos gespesifiseer in die regulasies.**

## GEMENGDE HUWELIKE NEEM TOE

Die Minister van Binnelandse Sake het in die parlement verklaar dat daar verlede jaar tot November 110 gemengde huwelike in die Unie voltrek is vergeleke met 88 in 1941.


# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3" | 24/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN**

Posbus 142. Oudtshoorn.


## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. | 5,538 | 13 | 1 |
| Mev. M. E. v. d. Merwe, Grootfontein, Middelburg K.P. | 10 | 0 | 0 |
| Steynsburg Kommando's en Goedgesindes | 10 | 6 | 6 |
| Outenikwa Vroue-Kommando .. | 5 | 0 | 0 |
| Lys 623, 624 en 625 Philipstown | 12 | 1 | 6 |
| Offergeld Hottentots Holland Vroue-Kommando | | 15 | 6 |
| Offergeld Hottentots Holland Manne-Kommando | | 9 | 0 |
| Dienslaer Kollekte, Mosselbaai Kommando's | 1 | 6 | 0 |
| Penkop Kommando Prins Albert | 1 | 8 | 9 |
| Lys 590 Wynberg .. .. .. .. .. | 2 | 10 | 0 |
| Maandelikse bydrae Tiervlei Manne-Kommando en Goedgesindes | 2 | 10 | 0 |
| Mnr. Spies Worcester .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Maandelikse bydrae J. Maree Paarl | | 10 | 0 |
| | £5,586 | 0 | 4 |

### BYDRAES TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 560 | 11 | 11 |
| W. P. Burger Skansklip .. .. | 9 | 10 | 0 |
| Jacob Kotzé Brandvlei .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Kowie Kotzé Brandvlei .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| J. J. A. Zandberg Brandvlei .. | 5 | 0 | 0 |
| Pieter Kotze Doornrivier .. .. | 2 | 0 | 0 |
| N. D. L. Burger Brandvlei .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Attie v. d. Westhuizen Jnr. Brandvlei | 1 | 0 | 0 |
| Attie v. d. Westhuizen Snr. Brandvlei | 1 | 0 | 0 |
| Broers C. P. en M. D. Strauss Brandvlei | 5 | 0 | 0 |
| H. E. Visser Brandvlei .. .. .. | | 10 | 0 |
| W. P. Burger, Soaf, Brandvlei .. | | 10 | 0 |
| P. L. Burger Rooidam Brandvlei | 1 | 0 | 0 |
| W. P. Burger Rooidam Brandvlei | 1 | 0 | 0 |
| Hendrik Strauss Brandvlei .. .. | 1 | 0 | 0 |
| A. Theron Brandvlei .. .. .. | | 5 | 0 |
| Gert Visagie Brandvlei .. .. .. | | 5 | 0 |
| S. W. J. Visagie Snr. Brandvlei | 1 | 0 | 0 |
| Spesiale bydrae Loxton Kommando's | 22 | 15 | 0 |
| J. J. C. du Toit, Krugerskraal, P.S. Waterval Graaff-Reinet | 5 | 0 | 0 |
| | £629 | 6 | 11 |

### TRANSVAAL TOT 30 JAN.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 13,693 | 14 | 7 |
| Kwit. Nos.: | | | |
| 2125 Kommando 8B2 .. .. .. | 18 | 0 | 0 |
| 2126 Kommando 1A2 en 1A5 .. | 46 | 16 | 6 |
| 2127 Kommando 9A3 .. .. .. | 14 | 5 | 6 |
| 2129 Kommando 9B1 .. .. .. | 12 | 3 | 9 |
| 2130 Kommando 9C3 .. .. .. | | 8 | 6 |
| 2132 Kommando 2C2 .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| 2133 Kommando 4A2 .. .. .. | | 3 | 3 |
| 2134 Kommando 14C2 .. .. | 7 | 10 | 0 |
| 2135 Kommando 14C5 .. .. .. | 7 | 10 | 0 |
| 2136 Kommando 2A1 .. .. .. | | 14 | 0 |
| 2137 Kommando 14A4 .. .. .. | | 10 | 0 |
| 2138 Kommando 14A1 .. .. .. | | 6 | 6 |
| 2139 Kommando 9A6 .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| 2141 Kommando 3B2 .. .. .. | 6 | 4 | 0 |
| 2142 Kommando 2A6 .. .. .. | 13 | 15 | 3 |
| 2143 Kommando 3B2 .. .. .. | 5 | 10 | 6 |
| 2144 Kommando 3C5 .. .. .. | 9 | 2 | 6 |
| 2145 Kommando 9A1 .. .. .. | 7 | 8 | 6 |
| 2146 Kommando 11C2 .. .. .. | 1 | 5 | 6 |
| 2147 Kommando 11C1 .. .. .. | 51 | 0 | 0 |
| 2148 Kommando 1A3 .. .. .. | 11 | 12 | 2 |
| 2149 Kommando 1A4 .. .. .. | 11 | 12 | 2 |
| | £13,924 | 13 | 2 |


# VOLKSKAS

verskaf alle bankdienste (ook tjekrekeninge)

**29**

Takkantore bedien die Bank se kliënte deur die hele Unie.

***Fondse oorskry £2,715,000***

**Vra verdere inligting by die VOLKSKAS-kantore.**

Die Volk se Bank.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöp. Wet)


## Skaap Opgepas Vir Hulp Aan Maatjies

Elfjarige Gerrie van Heerden van Blouwpan, Pk. Warmbad, Transvaal, het onlangs 'n voorbeeld gestel wat toon dat daar nog Voortrekkerbloed in sy are moet loop. Hy het tydens die Kersvakansie na sy oupa gegaan en gevra om skaap op te pas teen betaling. Toe sy oupa wou weet waarom, het hy geantwoord dat hy die geld vir die Ossewabrandwag wil gee om aan die kindertjies van daardie omies wat in die kampe sit, te stuur. Die veldkornet van sy afdeling het reeds die halfkroon van Gerrie ontvang. Daarby het dit nie gebly nie. Gerrie het onderneem om die ander O.B.-kindertjies in sy skool aan te spoor om ook geld te verdien. Hy sê hulle is almal O.B.'s in daardie skool met uitsondering van twee Sappe.


# SASBANK

***Verrig Volksdiens!***

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

**RAADPLEEG SASBANK**

**PAARL:— Posbus 266.**
**WORCESTER:— Posbus 57.**
**KAAPSTAD:— Posbus 2387.**



## O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandvaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

**Prys 2/6 Posvry**

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU ! !

**O.B.-HOOFKWARTIER**

**Posbus 8576, JOHANNESBURG.**



**O**NS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

**B**ESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

***Hou Koers Na***

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

**Drukkers, Uitgewers en Boekbinders**

***Die Laan, Stellenbosch.***







## JEUGOFFERS

Van Antoinette, Elinor en Fanie Cilliers, kindertjies van die hoofkommandant van Wynberg, het ons 15/- vir die Noodhulpfonds ontvang. Hulle het elk £1 as geskenk op Nuwejaar van 'n vriend ontvang. Op eie versoek en sonder dat hulle beïnvloed was, het hulle gevra dat 'n kwart daarvan na die kindertjies moet gaan wat nie die voorreg gehad het om hul vaders tydens die feesdae tuis te hê nie. Verstaan word dat hulle voornemens is om 'n derde van wat oorgebly het opsy te sit met die oog op 8 Augustus.

Ander jeugdige maatjies wat aan hul strydmakkertjies gedink het, is Jeanne du Toit en Vivia Spoelstra van Potchefstroom wat 5/- aan hul offisier oorhandig het synde die bedrag wat „'n konsertjie langs die Vaalrivier opgebring het," soos hulle skryf.

Die Jeugfronters van Holland-Park, Port Elizabeth, het met 2/- wat aan hulle gegee is om mee te woeker, £1 teruggebring.


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

JANSE VAN RENSBURG. — Aan Veldkt. en Komdte. B. F. Janse van Rensburg, van Onseepkans, is 'n fris Brandwagseun geskenk op 23 Jan. 1943. Sy ouers en vriende idealiseer hom as die tweede Van Rensburg President.

### LESING

Neem a.s.b. kennis dat 'n lesing en demonstrasie oor Spin en Weef gehou sal word deur mevr. A. C. van Blerk in die Ossewabrandwag-Ruskamer, Bloemfontein, op Donderdag, 4 Maart 1943 om 3 n.m. Alle goedgesinde dames is hartlik welkom.

### TE HUUR

KLEIN plasie te Vaartwel, vier myl van hoofpad, tussen Ladismith en Calitzdorp, met busdiens twee keer per week. 6,000 Wingerdstokke en 300 gemenge vrugtebome, albei in drag. Goeie tuingrond met vaste bron water. Vir verdere besonderhede doen aansoek by mnr. J. H. Swanepoel, Vaartwel, P.K. Opzoek, Ladismith.

### TE KOOP

DRUIWE UIT HEKSVALLEI: Koop direk van die boer. Terme:— 2/9 per 10lb. platkissie; Bestellings van 5 of meer 2/3 elk. Vry op spoor Sandhills-stasie; Kontant met bestelling. T. J. de Villiers, P.K. Sandhills-stasie, K.P.

SAAD-AARTAPPELS. — Mooi Arran Chief, okkerneut- en eiergroot moere te koop teen 13/-, Kontant met bestelling. Op Kleinbrak-stasie gelewer. Thinus Terblanche, Dagbreek, Gonnakraal.
O.B. HOU KOERS!!!

TAFEL-AARTAPPELS van goeie gehalte teen 12/6 per sak. S. P. Gerber, P.S. Serpentine, Dist. George.

OPREGGETEELDE, gesubsidieerde Fries Bul — amper vyf-jaar oud, en nog altyd gesond. Vader Stamboek Friesbul, — dikwels pryswenner. Moeder uitstekende Fries melkkoei. Selfde Teler. £20, gelewer Petrusburg-stasie. Gerneke, Spitspunt, Petrusburg.

UIESAAD. — Ronde, harde Geeluiesaad, 7/6 posvry. K.B.A. Bestel vroegtydig, voorrade beperk. P. J. du Toit, Drostdy, Tulbagh.

NARSING- en JONKELBOLLE, 7/6 per 100 k.m.b., posvry in die Unie. S. Kruger, Dankbaar, Aliwal-Noord.

AARTAPPELMOERE. — Arran Chief, en Evergood aartappelmoere, gereed vir plant. Gelewer op Blanco-stasie. Kontant met bestelling. J. J. C. Lamprecht, Tuinplaas, P.K. Blanco, George.

CHINESE LUSERNSAAD. — Regstreeks van die Boer wat skoon onvermengde saad lewer en wat net die een soort lusern op sy plaas kweek. Bestel onmiddellik hierdie seisoen saad vir aflewering omstreeks einde Februarie. £7-10-0 per 200 lb. Nico Barnardt, Toverwater-sylyn, Pos. Uniondaleweg-stasie.

STERK, gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.

### BENODIG

GEKWALIFISEERDE Banketbakker vir gevestigde bakkery op Bolandse dorp. Rig applikasies aan: H/G, „Die O.B.," Bus 1411, Kaapstad.

TREKKER met „rubber"-bande, omtrent 25/30 p.k. Moet so goed as nuut wees. Meld volle besonderhede en prys aan:— P. H. van Wyk en Seuns, Blaauwbank, Posbus 7, Barkley-Wes.


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.